Publication: Volksblad
Date: 29 Aug 2016
Page: 2

# Erfenisterrein: Gevolg van hofbevel beïndruk geoloë

Charné Kemp

'n Groep internasionale en Suid-Afrikaanse geoloë was verlede week beïndruk hoe vinnig die vernietiging van 'n erfenisterrein buite Barkly-Wes in die Noord-Kaap deur 'n hofbevel gestuit is.

Die geoloë se besoek het Vrydag met die onthulling van nuwe bygewerkte inligtingsborde op die Kantienkopje-erfenisterrein gepaardgegaan. De Beers het die borde geborg.

Die nuwe inligtingspanele bevat ook foto's en kaarte van die skade wat in Maart vanjaar deur onwettige mynbedrywighede aangerig is.

Dr. David Morris, hoofargeoloog van die McGregor-museum in Kimberley, het die groep geoloë na Kantienkopje en die Nooitgedacht-gletservloer buite Kimberley vergesel.

Morris sê die son en inwoners het die vorige borde beskadig wat 16 jaar gelede opgerig is.

Die betrokke groep het etlike plekke van geologiese en argeologiese belang in Noordwes en die Noord-Kaap besoek voor die begin van die 35ste Internasionale Geologiese Kongres vandag.

Sowat 4 500 kongresgangers word daar verwag.

Morris het vroeër die inligting op die ou borde met nuwe inligting bygewerk voordat die nuwe panele gedruk is. Die borde beskryf nou ook die jongste argeologiese ontdekkings van internasionale wetenskaplikes en erfenis-studente aan die nuwe Sol Plaatje-universiteit in Kimberley.



Die groep internasionale geoloë neem foto's van die skade wat deur onwettige mynbedrywighede op Kantienkopje by Barkly-Wes veroorsaak is. Foto: DAVID MORRIS

Dit sluit die ontdekkings in van die eerste ontmoeting tussen inheemse volke en die eerste Europeers in Suid-Afrika.

Die geologie van die gebied en sy inheemse fauna en flora word ook beskryf.

Morris is die skrywer van die gidsboek vir besoekers van lande soos China, die VSA, Brittanje, Italië en Duitsland.

"Die geoloë het ook Ventersdorp, Prieska en Lichtenburg besoek. Hulle het veral belang gestel in rotsformasies waar diamante en verwante minerale gevind word.

"Dit was vir die internasionale besoekers merkwaardig hoe goed Suid-Afrikaanse terreine en artefakte deur wetgewing beskerm word.

"Hulle was verbaas oor hoe vinnig ons die onwettige diamantmynbedrywighede op Kantienkopje kon stopsit. Kantienkopje is in 1948 tot erfenisterrein geproklameer," sê Morris.

Hy sê die besoek aan die Nooitgedacht-gletservloer tussen Kimberley en Barkly-Wes was baie interessant. Geoloë het die sleepmerke van 'n verskuiwende gletser 280 miljoen jaar gelede in die rots bekyk.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission